



Skiereiland Se Kommandos Stort £827

Die kommandos van die Kaapse Skiereiland het eergisteraand in die Ebenezer-saal, Maitland, vergader om die ingesamelde fondse vir 8 Augustus te oorhandig. Die totale bedrag van £827 is gestort. Verskeie kommandos het heelwat beter presteer as verlede jaar. Komdte Jeppe van die Papendorp vroue-kommando het haar prestasie van verlede jaar oortref en £245 gestort. Dis 'n rekord, selfs vir komdte. Jeppe, wat al gewoon is om rekords te slaan. Die Christiaan de Wet-kommando het ook beter as verlede jaar presteer. Die meeste kommandos het hul gewone stortingspeil gehandhaaf.

Die K.G., dr. Van Rensburg, die Wag. Die Boerejeug het en voorsitter van die Grootraad, ook die vlaghysing-seremonie prof. Van Rooy, het die offisiere waargeneem en die republikeinse brandwagte toegesprek en vlag gehys teen 'n agtergrond opnuut besiel vir die stryd. van vaandels en baniere. Albei die leiers het hul dank en waardering uitgespreek teenoor die kommando's vir die mooi bedrae wat hul ingesamel het.

Die verrigtinge is gelei deur hoofnl. J. de Vos, wat gesê het dat die offisiere en brandwagte van die Skiereiland rotsvas staan by die O.B. en by hul K.G. en dat hulle die stryd van die O.B. vol moed sal voortsit. Genl. G. Retief het met gebed geopen. Die blaasorkes onder leiding van komdte. Swanepoel het die verrigtinge opgeluister met wekkende musiek.

Aangesien genl. Van Rooy ook Jeugleier is, het die Boerejeug die wag-diens waargeneem terwyl hy gepraat het. Hoofkmdt. Swart was origins in bevel van

die Wag. Die Boerejeug het ook die vlaghysing-seremonie waargeneem en die republikeinse vlag gehys teen 'n agtergrond van vaandels en baniere.

Die taak van die Ossewabrandwag is om hervormend op te tree met die doel om ons volkseie staatstelsel wat deur die vyand begrawe is, weer te voorskyn te bring in 'n vrye onafhanklike Republiek, het prof. D. J. van Rooy, jeugleier en voorsitter van die grootraad, eergisteraand gesê toe hy saam met die K.G. 'n vergadering op Maitland toegesprek het.

MAYFAIR TOON DAT WIEL BESIG IS OM TE DRAAI

Met die naelskraap oorwinning van slegs tien stemme in die betreklik veilige setel Mayfair verlede week wil dit voorkom of die rooi lig dalk besig is om teen die H.N.P.-A.P.-bewind te draai. Indien hierdie uitslag enigszins aanvaar kan word as 'n weerspieëling van die algemene gevoel van die kiesers, is dit tyd dat daar deeglike beraad in Afrikanergeleedere gehou moet word met die oog op voorkoming van die gevaar dat die land weer aan 'n Empire-bewind uitgelewer word.

Die uitslag in Mayfair kan nie gering geskat word nie. Dit is duidelik dat die ekonomiese skoen begin druk en dat die kiesers in breë lae afgestomp begin raak vir die holle party-politieke slagkretes waarmee die algemene verkiesing gewen is en waarmee die H.N.P. reeds met agteruitgang in stemmetal die provinsiale verkiesings in twee provinsies gewen en in twee verloor het.

Dit is duidelik dat die parlementêre wiel besig is om sy onverbiddelike wentelgang te gaan en dat die opposisie-party omhoog skuif na sy onafwendbare bestemming as alternatiewe regering in d'e afwisselende spel van parlementêre bestuur.

Die H.N.P.-kandidaat, dr. H. G. Luttig, het ondanks algemene steun slegs 28 stemme meer ontvang as sy voorganger vyftien maande gelede, teenoor die vooruitgang van 406 stemme in die geval van die V.P.-kandidaat, mnr. B. N. Swemmer. Die uitslag was:

Dr. Luttig (H.N.P.)	...	4,468
Mnr. B. N. Swemmer (V.P.)	...	4,458
H.N.P.-meerderheid	...	10
Die uitslag in Mei 1948 was:		
J. H. Brill (H.N.P.)	...	4,440
H. Tucker (V.P.)	...	4,052
H.N.P.-meerderheid	...	388
In die provinsiale verkiesing op 9 Maart het die H.N.P. die setel met 'n meerderheid van 170 gewen.		

KEERPUNT

Die Engelse pers juig oor wat hulle beskryf as 'n keerpunt in die politiek. Die Star verklaar dat dit duidelik is dat ekonomiese feite besig is om rasse- en kleur-vraagstukke in die gedagte van die gewone kiesers te verdring, en dat die geskiedenis besig is om hom te herhaal daarin dat kleurpropaganda nie kan aanhou om verkiesings te wen nie. Die blad twyfel of 'n verkiesing in 1950 oor die kleurkwessie nog enige sukses vir die H.N.P. sal oplewer.

K.G. SÊ: ONS IS OP DIE REGTE PAD

Die Vrugte Van Die O.B. Word Ryp

Die Ossewabrandwag is op die regte koers. Daarom trek die beweging vanjaar in sy twaalfde jaar, het die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, eergisteraand op Maitland verklaar. En omdat ons koers reg is, lê daar nog baie dosyne jare voor ons. Die O.B. het gekom om sekere funksies te vervul wat net hy kan vervul. En daarom het die O.B. gekom om te bly, vir altyd te bly, afgesien van wensdenkery oor sy verdwyning of ontbinding. Ons het doelbewus nie ons mantel na die wind geswaai nie, want as ons van ons koers afgewyk het, was ons vandag nie meer hier nie.

Die O.B. kon die afgelope twaalf moeilike jare oorleef omdat ons geloof ons deurgehelp het en omdat die moed van ons oortuigings ons stootkrag was. Dit is ons geloof dat geen enkele offer verniet gebring was nie, wat vir ons besieling verskaf vir die toekoms. Die offers wat die O.B. en die S.J.'s gebring het, was ook nie verniet nie. Intendeel. Die O.B. en die S.J.'s gaan nog 'n legende word in die lewe van hierdie volk.

Dit is goed om te onthou dat geen party-regering ewig is nie. Goddank die vorige een was nie, het die K.G. onder byvalsbetuging gesê. Die uitslag van die tussenverkiesing in Mayfair is 'n teken aan die muur. As daar



DR. J. F. J. VAN RENSBURG

oort behoeftte was vir die samewerking van alle Afrikaners, dan is die behoefte na Mayfair dubbeld daar. Dit is nou die aangewese tyd vir die H.N.P. om vriende te soek.

In die jare wat verby is, het die O.B. 'n taai geslag gekweek. Die feit van hulle bestaan gee moed vir die toekoms van die Afrikanervolk.

DIE BOOM

Ons was in die laaste tyd baie stil, het die K.G. gesê. En ek wil voorspel dat ons nog vir 'n geruime tyd baie stil gaan wees. Maar dit beteken nie dat die O.B. verdwyn het nie; dit beteken eenvoudig dat ons nie onnodig hase wil opjaag nie. Mnr. Havenga doen sy bes om beter verhoudings tussen Afrikaners te skep, ook tussen die O.B. en die H.N.P., en ons wil geen steen in sy weg rol nie.


Maar as mense dink dat die O.B. stil is omdat hy wil ontbind, dan maak hulle 'n baie groot fout. Die O.B. is voorlopig stil omdat hy 'n nuwe lewe tegemoet gaan. Want die O.B. is meer as 'n organisasie. Hy is 'n lewendende organisme. Laat ons die O.B. vergelyk by 'n boom. Wanneer die boom vol bloeisel is, is hy bewonderenswaardig mooi. Wanneer die bloeisel van die boom afval word hy kaal en onooglik—maar die bloeisel moet eers afval voordat die vrugte ryp word.

Die O.B. leef vandag in die stadium wanneer die bloeisel afgeval het. Die vrugte moet nou ryp word.

Ons het 'n netwerk van die trouste en mees onvermoeide manne en vroue in die O.B. dwarsdeur die land. Na 12 jaar van saamstaan sal hulle nie wegvall nie. Maar die vyandskap teen die O.B. sal wegval. En sodra dit gebeur sal hierdie manne en vroue na vore kom en groot invloed uitoefen.

Dan word die vrugte van die O.B. ryp, het die K.G. gesê.

En om hierdie taak uit te voer sal die O.B. vroeër of later desnoods ook gebruik moet maak van die bestaande stelsel. Die dag sal kom dat die O.B. ook binne die parlement sal moet verkondig wat hy daarbuite verkondig.



PROF. D. J. VAN ROOY.

EIE BENE

Die Vaderland praat ook van 'n kentering wat aan die kom is weens ekonomiese redes. „Mense wat vrees vir hulle daaglikse brood laat hulle nie tevrede stel met die ideologiese dis of die Kleurlinge drie dan wel vier verteenwoordigers in die Volksraad moet hê nie. „Dit sal in die gevolg duidelik blyk dat elke welwillende se stem onontbeerlik is, en derhalwe gevoeglik welwillend gehou moet word”, vervolg die blad wat daaraan toevoeg dat die opvatting van op eie bene staan ook deels beantwoord is.

Prof. Van Rooy het gesê dat daar een terrein is waar ons teenstanders ons nie wil hê nie, en dit is die politieke terrein. Daar is altyd ander terreine vir ons aangewys. Maar hoewel daar op die verskillende volks-terreine kostelike werk verrig word, is daar een groot gebrek en dit is dat daar geen koördinering van die verskillende fronte is nie. Daar is geen deurlopende draad wat die verskillende volksfronte saamsnoer nie.

(vervolg op bladsy 8, kolom 1)

WERKERS MOET AANDEEL KRY SÊ SAKEMAN

Die wenk dat werkers 'n aandeel gegee moet word in die besighede waarby hulle in diens is, is verlede week op Stellenbosch uitgespreek deur mnr. N. C. Krone, voormalige voorsitter en tans nog lid van die bestuur van die Suid-Afrikaanse vereniging van Kamers van Koophandel. Mnr. Krone het gesê dat die wêreld op die kruispad van ideologieë staan, en dat dit raadsaam is dat werkgewers iets doen om hul werkers tevrede te stel. Hy meen dat dit in die vorm van 'n aandeel van 10 of 15 persent in die besigheid behoort te wees.

Die wenk van mnr. Krone is in die rigting van die O.B.-beleid en is dus 'n verdere bewys van die mate van rypheid waartoe die Ossewabrandwag-gedagte al in wye kringe gekom het.

Prov. Raad Is 'n Werklose Weelde

Die klagte dat provinsiale raadslede te min werk het om te doen, is verlede week deur mnr. J. J. Glendinning, L.P.R., in Port Elizabeth uitgespreek. Hy het gesê dat die stadsraad van Port Elizabeth in een week meer werk doen as die provinsiale raad in 'n hele sitting.

Dit is 'n ernstige aanklag en 'n onderskrywing van die O.B. se standpunt dat die provinsiale stelsel uitgediend is en vandag net 'n dubbele las op die belastingbetalers se nekke is. Op die vraag of die provinsiale raad afgeskaf moet word, het mnr. Glendinning gesê dat aangesien dit die enigste vorm van verteenwoordiging is wat die platteland het, hy nie ten gunste van die afskaffing is nie.

Die vraag is egter of die volk dit kan bekostig om net terwille van plattelandse verteenwoordiging — waarvoor in elk geval in die parlement voorsiening gemaak is — 'n liggaam te hê wat in 'n jaar minder doen as 'n stadsraad in 'n week. En as die bietjie wat gedoen word nog van lewensbelang vir die volk was, kon dit nog geduld word, maar in werklikheid belemmer die provinsiale stelsel net die deeglike administrasie van die volk se hoogste

belange. Gesondheid en onderwys is so versnipper dat geen reg daaraan kan geskied nie. Aanbevelings van 'n ondersoekkommissie vir 'n beter gesondheidsdiens moes byvoorbeeld op die rakke geplaas word omdat dit doodgeloop het teen provinsiale verdeeldheid.

Ons land gaan mank aan ondoeltreffende landsbestuur.

KWAAD OOR AANNAME VAN DUITSE TENDER

Britse nywerheidsbase — die kring wat tot 'n groot mate agter die Britse aftakelingsbeleid ten opsigte van Duitse nywerhede sit — is diep verontwaardig omdat Australië 'n groot bestelling ter waarde van £475,000 in Duitsland geplaas het in stede van in Engeland.

Dit gaan om die aankoop van 500 spoorwegrytuie deur die spoorwegkommissie van Nu-Suid-Wallis wat verklaar dat sowaal die prys as die datum van aflewering veel aanneemliker was as dié van die Britse fabrikante. Na berig word gaan die uitvoergroep van Britse spoorwegfabrikante 'n verklaring uitreik oor die geval.

Vir die vierde agtereenvolgende week was daar geen terugbetaling van die goudlening deur Brittanje aan Suid-Afrika nie. Dit beteken dat daar in die eerste week van Augustus nog £15 miljoen van die lening uitstaande was. Die res, wat in goud aan Brittanje geleen is, is in sterling terugbetaal.

GRONDBEGINSELS VAN DIE REPUBLIEK

Op versoek van etlike offisiere en lede van die Ossewabrandwag dwarsdeur die land plaas ons hieronder die volledige inhoud van die republikeinse omsendbrief 1/41 wat op 3 Julie 1941 deur die Kommandant-generaal uitgereik is. Dit is 'n opsomming van die vernaamste beginsels wat indertyd deur verteenwoordigende kringe uit die hele volk — ook deur die H.N.P. — aanvaar is as grondslag vir die toekomstige Republiek, en behoort dus vandag ook nog as grondslag vir gesamentlike optrede te geld.

Pretoria, 3/7/41.

OSSEWABRANDWAG.

Uniale Omsendbrief No. 1/41

Deur Komdt.-Gen. Dr. J. F. J. van Rensburg.

GRONDBEGINSELS VAN ONS STAATSBELEID

Die inhoud van onderstaande verklaring moet deur die meerdere offisiere aan wie dit uitgereik word, volhardend gepropageer word by alle offisiere en brandwagte onder hulle bevel.

Die Ossewabrandwag as Volksbeweging begeef homself nie op die partypolitieke terrein nie en laat die behartiging van Afrikanerbelange aldaar aan die politieke partye oor. Dit spreek vanself, egter, dat dit nader verwant voel aan partye wat Republikeins georiënteerd is omdat dit self in murg en been republikeins is.

Want die Republiek is nie 'n partypolitieke saak nie; dit is, na sy Godsdien, die hoogste volksideaal van die Afrikanerdom.

Derhalwe gaan die Ossewabrandwag homself sonder vrees of blaam inwerp aan die republikeinse strydfront.

Hiermee vervul die Ossewabrandwag sy roeping as draer van die Afrikaner-idee wat hy met alle middele tot sy beskikking wil en moet bevorder.

Ter inligting van lede van die Ossewabrandwag word 'n opsomming verstrek van sekere beginsels waarop die Ossewabrandwag die stryd ter verwezenliking van die volksideale voer. Ten einde 'n hegte volksfront te vorm en alsoo eenheid

van strewe en optrede op genoemde grondslag te verseker, het die Ossewabrandwag, die Herenigde Nasionale Party, die Reddingsdaadbond en die F.A.K., asook enige vooraanstaande Kerkmanne, besluit:—

EENHEIDSFRONT

EERSTENS: Om 'n koördinerende komitee te vorm wat belas is met raadgevende mag vir beraadslaging tussen die verskillende organisasies, met erkenning van die algehele selfstandigheid van elkeen op sy eie terrein en ten einde hul samewerking te verseker in die opbou van 'n gemeenskaplike volksbeleid.

TWEEDENS: As leidraad vir die vasstelling van gemeenskaplike beleid, aanvaar al hierdie gekoördineerde organisasies die eenheidsverklaring en die ontwerp-grondwet vir 'n selfstandige Afrikaanse magsorganisasie, n.l. die Republiek, gegrond op die onderstaande beginsels.

DERDENS: DIE AANDAG VAN ALLE OFFISIERE EN BRANDWAGTE WORD DERHALWE DAAROP GEVESTIG DAT OP HIERDIE GEMEENSAPLIKE BELEIDSTERREIN DIE ONDERSKEIE ORGANISASIES MEKAAR SE REG ERKEN OM SAAM TE WERK AAN DIE VERWESLIKING VAN DIE VOLKSIDEAAL, NAAMLIK DIE REPUBLIEK.

DIE REPUBLIEK

(1) 'n Vry Christelik-nasionale Republiek, gegrond op 'n staatsstelsel ooreenkomstig die begrippe van die volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitkakeling van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend en met die nodige aanpassing daarvan by die moderne omstandighede in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange.

(2) Ter uitvoering van die Christelik-nasionale beleid sal die volk as hoof van die staat 'n president kies, met oppergesag; by wie

(a) die regering van die staat berus, wat die uitoefening van die pligte aan 'n Hoofminister, bygestaan deur 'n Ministerraad toevertrou, wat deur hom aangestel word en aan hom verantwoordelik is,

(b) wat die Volksraad kan ontbind en in gevalle 'n volkstemming kan laat hou,

(c) wat aan die hoof van die weermag staan,

(d) wat die Volksraad byeenroep, verdaag of ontbind.

(i) Die Volksraad word elke vyf jaar gekies deur die stemgeregtigde burgers, d.i. persone van wie verwag kan word dat hulle volksoopbouend sal optree. (In verband met bogenoemde samestelling van die Ministerraad en Volksraad moet daarop gelet word dat daar in hierdie stelsel nie soos in die teenswoordige sogenaamde demokratiese of Brits-Parlementêre stelsel 'n politieke party ministers aanwys om die land namens 'n politieke party te regeer nie.

Die volk kies die Staatspresident wat kragtens die algemene volkswil die land

bestuur, bygestaan deur sy Ministerraad en die Volksraad wat op sy beurt bedien word met deskundige raad deur 'n Gemeenskapsraad.)

(ii) Die Gemeenskapsraad bestaan uit nie meer as 50 lede nie, met uitsluitlik adviserende magte en word saamgestel deur die President-in-Rade. Vyftien word spesiaal aangestel vanweë hul kennis en ervaring in verband met die behandeling van belangrike landsvraagstukke; en 35 word gekies deur organisasies wat bepaalde geestelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike groepe verteenwoordig en alsoo deskundige advies kan gee vir die Regering.

GRONDBEGINSELS

(3) Die grondbeginsele van die staatsbeleid sluit o.a. in:—

(i) Toegewyde volksdiens van elke burger in elke hoedanigheid, asook diensplig van elke manlike burger in die weermag van die Republiek.

(ii) Die Afrikaner as die oorspronklike ontginner van die land moet in sy burgerskap bevestig word en beskerm word teen oorheersing deur diegene wat nie hul volste trou aan die land wil gee nie. Sy regte moet absolute beskerming ontvang en oral en altyd gehandhaaf word.

(iii) Die sterkste nadruk moet gelê word op 'n doeltreffende dissiplinerende van die volk. Die leiers moet volkome gehoorsaamheid en trou van die Afrikanerdom kan verwag solank hulle die staat of ander werksaamhede van volksbelang behartig ooreenkomstig die weg wat deur die Afrikanerdom sef aangewys is en uit sy geskiedenis volg.

(iv) Erkenning van die fundamentele belange van die gesin en 'n gesonde gesinslewe.

(v) Propagering van enige politieke beleid en die bestaan van politieke organisasies in stryd met die Christelik-nasionale lewensroeping van die volk word verbied, en die eerbiediging van hierdie lewensroeping word vereis in alle openbare aktiwiteite wat vormende invloed op die volksgees het.

(vi) Volksopvoeding en onderwys is 'n nasionale taak en skoolonderrig moet vir elke kind beskikbaar wees. Skoling van die liggaam sowel as die gees moet beoog word in besonder ook tot aankweking van beroepsvaardigheid. Die taak strek hom uit ook oor (a) jeugorganisasies en in besonder oor radio- en die vermaaklikheids-wese in al sy vertakings; (b) Kultuurontwikkeling.

(vii) Geen bloedvermenging nie.

(viii) Die ekonomiese en maatskaplike organisasie van die Republiek moet gerig wees op die hoogste mate van produktie, gepaard met voorspoed en geluk, wat nie die voorreg van 'n beperkte groep mag wees nie, maar so gelyk moontlik versprei moet word oor alle lae van die bevolking, sodat daar geen uiterstes van groot rykdom by sommige en groot armoede by ander in die Republiek mag heers nie.

Elkeen moet lonende arbeid en 'n billike vergoeding kan kry, (vervolg op bl. 3 kolom 3.)

TE KOOP

Velskoene!



Almal met riem genaai. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding 19/6. Bruin of wit bo-leer met motorband-sole sonder hakke 18/6. Pryse posvry. Kontak met bestelling

H. STEINMANN

SENDING-WINKEL

Goedverwacht, oor Moravia, K.P.



BEROEMD en WELBEKEND

oor die 66 jaar vir

BESTE WAARDE

in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE

HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore. GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

INDIERS EIS NOG GROTER TOEGANG TOT KENIA

Indiese immigrasie in Oos-Afrika behoort streng ingekort te word, het 'n lid van die wetgewende raad van Kenia, W. B. Havelock, voorverlede week gesê toe van Indiese kant aangedring is op verslappening van die bestaande immigrasie-beheerstelsel. Hy het gesê dat die beheer op rassegrond en nie op ekonomiese oorwegings moet berus sodat verseker kan word dat die volk van Kenia 'n Westerse volk sal wees.

Die Indiese voorstel om immigrasiemaatregels te verslap is ook heftig deur 'n natuurle-vertegenwoordiger beveg wat gesê het dat die Indiërs die natuurle se vooruitgang belemmer en 'n oog het op die land.

Die prokureur-generaal het verwys na die vinnige aanwas van die Indiërbevolking en gevra of hulle van die gebied 'n Indiese kolonie wil maak deur blote getaloorwig. Meer as vyf keer soveel Indiese afhanklikes word die land binnegelaat as van enige ander groep.

Die voorstel van die Indiese verteenwoordiger is met 'n groot meerderheid verwerp. Naturelle en twee Mohammedaanse Indiërs het saam met die blankes gestem.

'n Amerikaanse maatskappy het £7 miljoen aan dollars kragtens 'n ooreenkoms in die Vrystaatse goudvelde belê. Daarmee sal twee skagte gegrawe word naby Hennenman. Verwag word dat dit die eerste van meer beleggings uit Amerika in die goudnywerheid gaan wees.

SIEKTE IN AMERIKA DALK NIE POLIO

Die mening dat 'n groot deel van die gevalle van kinderverlamming wat so skrikbarend gedurende die afgelope weke in Amerika toegeneem het, in werklikheid veroorsaak is deur 'n minder gevaarlike virus, is uitgespreek deur wetenskaplikes van die Universiteit Yale.

Dit het aan die lig gekom dat elke bekende geval van hierdie siekte herstel het sonder nagevolge. Die siekte duur ongeveer tien dae. Hierdie virus was, na die mening van die wetenskaplikes, ook die oorsaak van 28,000 gevalle van polio wat verlede jaar in Amerika as 'n rekord aangemeld is.

Grondbeginsels

(vervolg van bl. 2 kolom 5.)

met in agneming van sy bevoegdheid en waarde vir die samelewing.

Daar moet 'n minimum loonskaal wees sodat elkeen uit sy beroepsverdiensle minstens in die gewone huishouke behoeftes van 'n gesin behoorlik kan voorsien.

Die beginsel van privaat besit word erken, maar alle uitbuiting op grond van privaat besit, of privaat onderneming, moet bestry word, sowel as ekonomiese mededinging wat so 'n karakter aanneem dat dit vernietigend en verarmend in plaas van aansporend en volksofbouend werk.

Arbeidspilg in volksdiens rus op alle onderdane en burgers van die Republiek.

(ix) Dit is die plig van die Staatsbestuur om die beheer en koördinasie van die ekonomiese en maatskaplike lewe onder sy toesig te neem, uitgaande van die landboukundige grondslag van die volkslewe, met die doel om 'n behoorlike ewewig te verkry onder die bevolkingsgroepe in die verskillende beroepe en ambagte, en tussen kapitaal en arbeid; en om die nasionale ekonomiese stelsel te beskerm teen landboukundige, nywerheids- en handelondernemings van 'n parasitiese aard of ondernemings wat in botsing kom met die belange van die gemeenskap as 'n geheel.

(x) Alle natuurlike bronne van die land moet deur die staat in volksdiens gestel word en die staat moet sodanige bedrywe of ondernemings onder sy beheer neem wanneer die algemene volksbelang dit vereis, of wanneer dit nie in die beste belang van die Republiek en sy burgers bestuur word nie.

(xi) Die bankwese van die Republiek moet 'n suiwer inheemse karakter dra, en om dit te verseker moet 'n staatsbank met al die vertakings oor die hele land ontwikkel word, met die oogmerk dat hierdie instelling regstreeks die geld- en kredietwese van die volk sal beheer.

(xii) Die staat moet nywerheidsontwikkeling aanmoedig en help finansier, maar nie alleen met die oog op die hoogste mate van winsgewendheid nie, dog ook om maatskaplike belange te dien.

(xiii) Landwyse groeporganisasies vir werkgewers en werknemers in die verskillende ambagte en beroepe moet die staat se erkenning wegdra, wat hulle ook tot stand kan bring of hervorm met die doel hulle te organiseer en hulle in te skakel by die seggenskap van sulke groepe in die bestuur van die staat deur middel van die gemeenskapsraad.

(xiv) Die staat moet beskermend ondersteunend en opheffend optree teenoor die swakere dele van die samelewing en voorsiening maak vir 'n behoorlike behandeling van die weduwee en die wees, die gebrekkiges, die swakke van liggaam of gees en die oue-vandae.

(xv) Die staat moet klasonderskeide bestry.

(xvi) Die gesondheid van die volk is 'n spesiale sorg wat op die skouers van die staat geplaas is.

Hierdie omsendbrief moet ter kennisname van alle lede van die Ossewabrandwag gestel word op die mees gerieflike manier wat lokale omstandighede bied. Verdere eksimplare kan op aanvraag verkry word. Iedere korporaal moet sorg dat sy manskappe dit te lees kry.

J. F. J. VAN RENSBURG, Komdt.-Genl. Offisier in Bevel Ossewabrandwag.

Verspreiding: aan alle offisiere en onder-offisiere.

DIERE MET LANTERNS MYL ONDER SEE

Eienaardige seediëre wat van ligte voorsien is, is deur dr. Otis Barton gesien toe hy verlede week 4,500 voet — ongeveer 'n myl — diep in die see neergedaal het in sy Benthoskoop en daarby 'n wêreldrekord opgestel het.

In 'n onderhoud het dr. Barton gesê:

„Dit was baie koud, en glim-organismes, wat buite in die donker op en af gewieg het, het my kop vir 'n tyd laat draai. Ek het egter nie aan 'n gebrek aan suurstof gely nie.”

Hy het talle glimmende diere op 'n diepte van tussen 2,000 en 2,500 voet gesien.

„Ek kon hulle nie almal identifiseer nie, maar baie was

drilvisse, en ek het ook lanternvisse gesien.”

Dr. Barton het sketse van die rangskikking van die ligte wat hy gesien het, gemaak. Party van hierdie ligte was so helder dat dit tot binne in die benthoskoop geval het, en solank hulle geglim het, kon hy sover as 20 tot 30 vt. sien.

Die eienaardigste gesig, het hy gesê, was 'n lang drilvis, wat skerp aan albei kante was, met lengtelyne wat geglim het. Hy is van mening dat hy baie onbekende diere gesien het wat nette nie na die oppervlakte sou kon bring nie.

Toe hy 4,500 vt. bereik het, moes hy besluit of hy nog dieper sou gaan of nie, maar weens die ontsettende koue en 'n gevoel van seesiekte weens die geswaai van die bal, het hy besluit om terug te keer.

Britte Maak Reën

Hoewel reënmaking in die Verenigde State tot so 'n mate as 'n mislukking beskou word dat die lugmag hom aan verdere proefnemings onttrek het, is 'n nuwe sukses uit Brittanje hierdie week berig, waar daar gebruik gemaak is van chemiese middels.

As gevolg van 'n droogte wat gelei het tot die inkorting van watervoorrade vir nywerheidsdoeleindes, het 'n chemiese fabriek besluit om reën te veroorsaak deur gebruikmaking van soliede koolsuurgas. 'n Vliegtuig het 200 pond hiervan op 'n wolk uitgestrooi en binne vyf minute het hy uitgesak.

Die moeilikheid met reënmaking, soos die Britte dit ook ondervind het, is egter dat die reën nie altyd tot op die grond val nie.


Pragtige Modelle in Winteruitrusting BY

Steyns

Die Modewinkel PAROW

Versigtige verpakking verseker veilige aflewering

Dit is **ONSEKER**




Moenie goedere los verpak nie.


Dit is **VEILIG**




Maak alle ruimtes styf vol.



Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.



Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.



Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.



Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moeite werd is om te versend, is dit die moeite werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal. Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS

Hoeveel Dames Sien U?

In werklikheid is daar twee: 'n jong dame wat 'n hoed met 'n sluier, 'n lang bont en 'n halsnoer aanhet, en 'n ou dame wat 'n tjalie en 'n pelsjas aanhet. Kan u hulle sien? Nee? Nou ja, hier is die aanduiding: die jong dame se halsnoer is die ou dame se mond — die jong dame se oor is die ou dame se oog. Nou sien u hulle albei!



...VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuiw intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuiw, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte geurige rokie u van Kommando kry.



U OË MAG U BEDRIEG MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

RONDE Kommando

20 vir 1/-, 50 vir 2/4

DIE O.B., WOENSDAG, 24 AUGUSTUS 1949

DIE WIEL DRAAI

Geen optimistiese praatjies sal die indruk kan verwyder dat die regering 'n voelige terugslag in die tussenverkiesing van Mayfair ondervind het nie, en diegene wat na die algemene verkiesing verlede jaar naif genoeg was om te glo dat die Afrikanerdom nou vir alle tye gered is sodat daar selfs afskeid geneem kan word van Afrikaners in ander partye of groepe, behoort deur hierdie terugslag daaraan herinner te word dat die parlementêre wiel nog steeds besig is om te draai en dat wat onder is weer eendag bo sal wees, tensy daar vroegtydig ingegryp word om ons regeringstelsel op 'n bestendige grondslag te plaas wat jaar in en jaar uit volksverteenvoortwoordigend sal wees.

Baie Afrikaners was naif genoeg om te glo dat ons met die eindstadium van ons nasionale stryd bereik het. 'n „Boereuseun” uit Oos-Transvaal het selfs aan sy koerant geskryf dat hy nou heeltemal te vinde is vir 'n republiek binne die Empire omdat ons nou 'n nasionale regering het wat oor ons belange kan wag hou! Voorheen, aldus die brieffskrywer, was daar 'n on-Afrikaanse bewind en toe was dit nodig om af te skei van die Britse Ryk! Vir kortstygiges van hierdie kaliber moet ons politieke lewe so ongeveer die voorkoms vertoon van 'n strooidakhuisie wat lek. As dit reën en die ongerief kwel, word kragtige besluite geneem—en selfs ede—om 'n nuwe dak op te sit met die eerste die beste geleentheid. Maar as die sonnetjie die anderdagmôre sy warm strale oor die strooidakkie werp, dan lyk die moeite tog so oorbodig, want kyk, dan lek hy mos nie!

MOES ONTBIND

In hierdie gees het voorman hulle vorige besluite en ideale in die asblik gegooi en op hooghartige wyse geëis dat ander wat met hul hervormings wil volhard, hul organisasies moet ontbind; so nie sal daar op eie pote voortgegaan word op die partypolitieke sirkelkoers. In hierdie selfde gees het talle Afrikaners gevra: „maar het die Ossewabrandwag nog 'n taak?”

Dat die Ossewabrandwag nie net nog 'n taak het nie, maar dat sy samewerking en dié van ander Afrikaners hoogs noodsaaklik is as ons maar net die huidige regering vir sy volle termyn van vyf jaar aan bewind wil hou, behoort nou duidelik te wees na die uitslag van Mayfair. 'n Setel wat met byna 400 meerderheid vyftien maande gelede gevat is, kon met die grootste inspanning slegs met tien stemme behou word nadat dit vyf maande gelede nog 'n 170 meerderheid in die provinsiale verkiesing geregistreer het. Die Verenigde Party wat 'n jaar gelede as vernietig voorgestel is, het weer vuur gevat en is vol hoop dat hy sy geringe agterstand van minder as tien setels sal inhaal. Daar word selfs gespeel met die gedagte dat die huidige regering nie vir die volle termyn van vyf jaar in die saal sal bly nie.

DOOD NATUURLIK

Vir mense met 'n bietjie begrip van die parlementêre stelsel is hierdie wending niks bevreemdend nie. Die stories dat dit „klaar is met die Sappe” word soos dronkmanspraatjies na elke nasionale oorwinning gehoor. In 1929 het partygangers lustig met die teenparty gespot in uitlatings dat indien die nageslag nog 'n Sap wil sien, daar nou een in 'n glaskas vir bewaring gesit moet word.

Tien jaar later was dit nie 'n Sap in 'n glaskas wat die nageslag kon aangaap nie, maar republikeine agter doringrade.

Daarom het die Ossewabrandwag een stryk deur gewaarsku dat die oorwinning van 26 Mei 'n tydelike oorwinning is en dat die parlementêre wiel voortgaan met sy onverbiddelike wentelgang net soos hy op die oomblik ook besig is om in Engeland sy kringloop te voltooi waar die „sterk” Arbeidersparty binne vier jaar na sy magtige oorwinning reeds klaar 'n nederlaag in die oë staar.

OOREENGEKOM

In Junie 1941 het die Afrikaners, soos verteenwoordig deur hul partypolitieke, kulturele en volkspolitieke organisasies besluit op die herinstelling van die Republikeinse regeringstelsel wat berus het op volksverteenvoortwoordiging in teenstelling met die Britse vorm van party-verteenvoortwoordiging. Elders in hierdie blad verskyn 'n herdruk van die grondbeginsels van daardie konsepgrondwet. In die afgelepe agt jaar het die Ossewabrandwag hom nog steeds beywer vir die verwesenliking van daardie volkseie stelsel, maar van partypolitieke kant is teruggeval op die volksvreemde partystelsel met sy sirkelgang wat elke keer weer eindig in 'n nederlaag van die Afrikanerdom. Op die oomblik het ons 'n nasionale regering aan bewind wat daardie beginsels eenmaal onderteken het. Hulle is in die posisie om daardie beginsels uit te voer en ons land op 'n grondslag van bestendige bestuur te plaas sodat daar begin kan word met die aanpakking van groot vraagstukke wat deur die partypolitiek net vertroebel en vererger word. Indien hulle tot daardie uitvoering mag besluit, kan hulle vooraf verseker wees van die Ossewabrandwag se ondersteuning.

Die uitslag van Mayfair toon dat daar nie te veel sand meer in die glasië oor is nie. 'n Deel van die kiesers is nie meer bereid om met 'n paar oppervlakkige gebare in die

(vervolg in volgende kolom)

SKAKELS ONTBREEK IN LEWE VAN DUITSE JEUG

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Politieke partye, verenigings, ja, selfs die kerke en godsdienstige organisasies — almal wag op die Jong Geslag, wat eenmaal vir Duitsland binne- en buitekant die grens sal moet lei en verteenwoordig. In die besprekingskringe, die openbare vergaderplekke van politieke organisasies is hierdie jong geslag nie te vind nie, of miskien in baie klein getalle. Waar dan is die jong mense?

„Die hedendaagse Duitse jeug word deur één ding gekenmerk: hulle is alleen. Hulle is dié wat te gou en te vroeg ryp geword het — verbindingsloos, van wie niemand weet of die nihilisme of die verbindende middelweg hul bestemming — en daarmee die toekoms van Duitsland — sal bepaal nie.”

Wel maak vandag nog tien-duisende jong Duitsers 'n bestaan in inrigtings, in skuilkeisers, in die wagkamers van groot stasies en op die strate; en die meeste probeer nog altyd om handel op die swartmark te drywe — hoewel die geldhervorming die kanse hiervoor feitlik tot niet gemaak het. Selfs vandag kan dit nie beweer word dat die owerhede en kerklike hulpverenigings (laasgenoemde, veral, werk baie in hierdie rigting) daarin geslaag het om orde onder hierdie mense te skep nie, en met „orde” word bedoel 'n vaste werk- en woonplek. Daagliks kom nuwe vlugtelinge, meestal jong manne, oor die „groen” grens van die Russies-besette gebied. Mense wat egter op so 'n manier lewe, is maar net 'n deel — en gelukkig die kleiner deel — van die Duitse jeug in die Westerse sones. Maar waar kry ons die ander jongmense, wat doen hulle?

ONTOEGANKLIK

Om hulle te ontmoet is dit nodig om na hulle werksplekke, na die universiteite, die hoërskole en leerplekke te gaan. Dit is nie maklik nie, want hierdie jong mense behoort nie meer tot die openhartige en toeganklike jeug van die tyd tussen die twee wêreldoorloë nie. Hulle is swygzaam en vol wantroue. Sommige van hulle kom gevaarlik naby die grens van nihilisme. Daar moet egter 'n verskil gemaak word tussen dié van hulle wat aktief aan die oorlog deelgeneem het en dié wat te jonk was — eersgenoemde kan tot 'n sekere mate genader word, hulle ken nog 'n wêreld wat minder illusieloos was. Die jongere groep bly skepties. Vir hulle is die wêreld van die idealisme alleenlik 'n wêreld van „mooi menslike teorieë”; die werklikheid staan volgens hulle onder die wet van strengte werklikheid. Die meeste van hulle verklaar openhartig dat dit by hulle alleenlik daarop neerkom om die minste weerstand te vind. Hulle sou die woorde van Boudelaires: „Tout homme peut se passer de manger pendant deux jours, de poésie jamais” met dieselfde woorde beantwoord soos onlangs 'n Fransman dit gedoen het, nl.:

(vervolg van vorige kolom) rigting van apartheid tevrede gestel of met skorre rasse-slagkrete op hol gesit te word nie. En hul geleedere sal aangroei namate ekonomiese node die volk begin kwel meer as 'n paar blanke verteenwoordigers van nie-blankes in die parlement.

Mayfair het die doelstelling van die Ossewabrandwag, en daarmee sy taak, weer in gloeiende letters geflits oor 'n volk wat besig was om in die stoepkamer van die veroweraar te sluimer op sy Londense matras.

„Ons het te veel groente nodig om nog plek vir blomme te hê.” Dit is 'n antwoord wat minder poëties is, maar in die gees van die huidige tyd gesproke, gegee deur 'n mens wat miskien net so min as 'n plat materialis bestempel kan word as die kring Duitse literatuurstudente wat gemeen het dat mens daarvoor baie lank kan diskuteer, maar nie oor die eindresultaat kan stry nie.

TRADISIELOOS

Die lewensopvatting van die agtienjarige klerk, die student en die leerling in 'n fabriek is deur hul gemeensame jeug gedurende die chaos en nood van die oorlogs- en na-oorlogsjare gevorm. Hierdie uitkyk op die lewe is nugter en sonder illusies. Hulle verwag niks en voel geen verband met die verlede nie. Tradisieloos?

Die agtienjarige klerk kyk peinsend na sy potlood en stel die vraag: „Wat is dan nog seker en veilig?” Sonder om vir 'n antwoord te wag, gaan hy voort, „Net één ding is seker, naamlik — daar is geen sekerheid nie.” In die Benz-fabriek brom en hamer die masjiene. 'n Opgekote, donkerharige jong leerling trek ironies die hoeke van sy mond na onder en beantwoord ons vraag of die vreeslike geraas van die masjiene hom in die begin nie gehinder het nie, met die woorde: „Mens raak gewoond aan alles. Buitendien het ons as kinders onder 'n baie vreesliker lawaai opgegroeë. Hierdie lawaai is produktief,” — hy glimlag ironies — „tenminste, dit kan produktief wees, as ons gelukkig is.”

ALLEEN DIE BESTAAN

Ulrich skryf sy abitur ('n Duitse eksamen min of meer gelyk aan die Matriek). Hy stel geen belang in gebeurtenisse in Bonn of in die provinsiale parlement nie. „Ek het nie tyd daarvoor nie, ek moet agter my notas sit, anders is die nege jare hoërskool nutteloos verwis,” sê hy. „Maar wat van die goeie algemene opvoeding wat in elke geval bly?” vra ons. „Dit is van geen belang”, glimlag Ulrich. „Daarvan wil niemand iets weet nie. Belangrik is alleen die prestasie wat vir jou 'n bestaan sal verskaf.”

Hierdie agtien- en twintigjarige staan, saam met dié wat aktief in die oorlog was, deur 'n diep kloof geskei van die „ander mense”, d.w.s. die mense wat ouer as vyftig is en aan wie dit vergun was om 'n geleidelike oorgang van kind tot volwassene te beleef. Die Jong Geslag, hierdie kinders, moes die onbelemmerde, hoopvolle vreugde wat aan die jeug eie is, alte vroeg agterlaat. Dit, wat hulle gedurende die verskriklikheid van die oorlogsjare as dertien- en veertienjarige met verskrokke kinderoë aanskou het as die uiterste realiteit

van die lewe, het hulle in hul lewensbeskouing tot een saamgesmelt, en dit het hulle lewe gemunt: hard en ongekompliceerd. Sedertdien het die lewe vir hulle skynbaar ook nie veel verander nie.

MEDEDEELSAAM

Hoe hard en ru die lewe hulle ook voorkom — en miskien juis daarom — so vanselfsprekend is hul bereidwilligheid om te help en te deel. Dit geskied sonder groot opheffing; hulle gee omdat hulle weet hoe dit is...

Dit is waar dat hierdie jong mense minder lag en grappies maak as jong mense elders; maar dit wil nie sê dat hulle sonder sin vir humor is nie. Uit die humor wat hulle het, spreek die krag waarmee hulle aan hierdie lewe weerstand bied, naamlik om moeilikhede met humor te bestry en te oorwin sonder om die erns van die situasie uit die oog te verloor.

Almal van hulle, sonder uitsondering, keur ten strengste alle vorms van organisasie af. Hulle soek die weg tot die enkeling en voel hulself nader aan die praktiese humanisme as die generasie van ouer as vyftig jare van wie hulle beweer dat hulle opvatting van die humanisme alleenlik uit mooi woorde bestaan. Maar hierdie jong „praktiese humaniste” sal, by 'n kelkie wyn, plotseling begin om lang verse uit die Ilias in die taal van Homerus voor te dra — en dit wys daarop dat, agter hulle swygzaamheid meer skuil as wat hulle na buite wil toon.

KOUD TEENOR KERK

Hul verdraagsaamheid in godsdienstige dinge kon as 'n betoning van onverskilligheid teenoor konfessionele groepering beskou word, wat nie noodwendig uit 'n positiewe godsdienstige houding voortspuit nie. Niemand twyfel aan die noodsaaklikheid vir kerklike konneksies nie, hoewel mens dikwels die vraag hoor of die Kerk, met sy verouderde taal nog aan die behoeftes van die werklikheid van die twintigste eeu voldoen.

Hierdie jong mense, die hedendaagse Duitse jeug, is deur één ding gekenmerk: hulle is alleen. Hulle is dié wat te gou en te vroeg ryp geword het — „verbindingsloos”, van wie niemand weet of die nihilisme of die verbindende middelweg hul bestemming — en daarmee ook die toekoms van Duitsland — sal bepaal nie.

PROTESTEER TEEN AFTAKELING

10,000 Werkers wat binnekort werkloos gestel word wanneer die Hermann Goering-werke afgebreek sal word, het verlede week teen die voorgenome aftakeling betoog. Die Geallieerdes is skerp gekritiseer weens hul beleid.

Padongelukke kos die Unie jaarliks £10,000,000 het mnr. W. D. Norval, voorsitter van die Padveiligheidsorganisasie, verklaar.

MOET PARTYPOLITIEK TUIS LAAT, VERSOEK V.S.A.

Amerika is besig om in meer as een opsig aan Brittanje voor te skryf wat hy moet doen, en in sommige koe rante word dan ook al gepleit vir die toevoeging van Brittanje as die 49ste Amerikaanse staat. Die jongste diktaat is 'n versoek van die Amerikaanse departement van finansies dat Brittanje sy geldelike vraagstuk nou uit die partypolitieke terrein moet lig.

Aanstaande maand word 'n konferensie gehou tussen verteenwoordigers van die twee lande in verband met Brittanje se dollar-vraagstuk. Soos dit in parlementêre lande gaan, word sulke verteenwoordigers gewoonlik net uit die geledere van die regeringsparty gekies, aangesien die opposisie-party „in die woestyn verkeer” en dus geheel en al uitgesluit is van die staatsbestuur. Sy beleid is dan ook veronderstel regstreeks te verskil met dié van die regering. Ooreenkomstig hierdie praktyk was dit die voorneme om Ernest Bevin en sir Stafford Cripps, Britse Arbeiderminister van finansiële sake na Amerika te stuur.

NIE VAN EEN PARTY

Nou het John Snyder, die Amerikaanse minister, laat weet dat die Amerikaanse regering verwag dat partypolitiek hierdie keer tuis gelaat moet word en dat hulle bly sal wees om 'n volksverteenvoorgende af-

vaardiging te ontmoet wat ook lede van die Konserwatiewe Party sal insluit.

Agter hierdie versoek sit die dreigement dat die teenwoordigheid van Konserwatiewe lede die Amerikaanse regering se taak makliker sal maak om die kongres gunstig te stem vir hulp aan Brittanje.

Inmiddels kla die Londense Times dat die Amerikaanse volk al meer onsimpatiek word teenoor Engeland en dat sekere lande in Europa 'n „sadistiese behae” skep in Brittanje se elende. Almal, so kla die blad, verwag dat Brittanje nou self 'n slag iets moet doen om sy toestand te verbeter.

Spoorbond Kry Erkenning

Spoorbond wat voorheen 'n ledetal van 30,000 gehad het, maar weens gebrek aan erkenning deur die destydse Minister van Spoorweë in 1942 tot ondergang gedoem was, is onlangs deur die Minister van Spoorweë, mnr. Paul Sauer, weer erken as 'n spoorweg-organisasie. Organiseerders is fluks besig om die ledetal weer op te stoot. Mnr. J. F. van Aswegen en B. Auret is met die organisasie belas.

UIT DIE WEEK SE NUUS

Die verbasende groei van Suid-Afrikaanse nywerhede is verlede week deur min. Eric Louw beklemtoon by geleentheid van die opening van die nywerheidstentoonstelling in Pretoria. Die produksie vir die jaar 1946/47 het £492,000,000 beloop teenoor slegs £84,000,000 in 1924/25.

Gedurende die eerste vyf maande van die jaar het 1,373 mense uit die Unie na Noord-Rhodesië geëmigreer. Dit is meer as wat die gebied uit enige ander land aan immigrante ontvang het. Vir die hele jaar 1948 was die syfer 2,392, wat as 'n rekord beskou was.

£5,000,000 aan Marshall-hulp is aan Wes-Berlyn toegestaan wie se begroting so pas 'n tekort van £20,000,000 aangedui het.

'n Toestel wat botter regstreeks uit melk vervaardig, sal binnekort vertoon word, na uit Stockholm berig word. Die toestel skei die melk eers af tot 30 en later tot 82 persent room, waarna dit dit omskep in botter. Afgesien van die feit dat dit veel minder aandag verg, maak dit groter gebruik van die vet in die melk.

In die eerste helfte van die jaar het 9,257 immigrante die Unie binnegekom in vergelyking met 10,762 gedurende die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. In Junie het 1,178 mense die land ingekom teenoor 815 wat die land vir goed verlaat het.

Mnr. E. R. Strauss, L.V. vir Harrysmith, het weens swak gesondheid sy setel in die volksraad bedank. Dit was 'n H.N.P.-setel.

'n Biduur is in Amerika gehou met die oog op die ernstige toename in kinderverlamming.

Uit Australië is berig dat rotte met vlerke soos vlermuise en omtrent so groot soos uile verwoesting aangerig het aan die rysoes in sekere distrikte van die provinsie Camilo Lama-win.

'n Britse imigrant, Jack du Bois, is in Johannesburg tot drie jaar tronkstraf veroordeel weens inbraak en diefstal van juweliersware ter waarde van £4,400.

Inlywing Van Brittanje Al Oplossing

Die mening dat geen verbygaande maatreëls Brittanje weer op die been sal help nie, word uitgespreek deur die Wall Street Journal in 'n artikel op sy voorblad waarin hy die — vir die Britte — skokkende onthulling doen dat 'n stygende aantal amptenare in die Amerikaanse departement van finansies begin te glo dat daar net een uitweg is en dit is ekonomiese eenheid tussen Amerika en Brittanje.

Kry Dalk Nie Wat Hy Vra

'n Aanbeveling dat Brittanje net £212,750,000 in plaas van sy gevraagde £375,000,000 aan Marshall-hulp hierdie jaar moet ontvang, is glo gedoen in 'n vertroulike verslag wat deur die betrokke komitee aan die organisasie vir Europese ekonomiese samewerking oorhandig is.

Ondersoek Na Griewe In Poswese

Die komitee wat ondersoek moet instel na griewe tydens die vorige bewind in die Departement van Poswese, is verlede week saamgestel. Mnr. A. Ayles, oudmagistraat, is voorsitter; die ander twee lede is mnr. J. N. Redelinghuys, voormalige ondersekretaris van Poswese, en K. B. van Rooyen, gewese hoofbestuurder van die Landbank.

Die blad voeg daaraan toe dat hierdie „wanhoopsidee” in die loop van die volgende jaar deur die gesaghebbendes oorweeg sal word. 'n Sodanige stap sou egter eers deur die Amerikaanse kongres en die Britse parlement goedgekeur moet word, wat 'n aantal jare sal neem. (In werklikheid beteken dit dat Brittanje die 49ste Amerikaanse staat moet word). Dat dit geweldige teenstand sal meebring, spreek vanself, en dit is moontlik dat die plan dan nog uiteindelik verwerp sal word. Nogtans verklaar die blad, of dit tot uitvoering gebring gaan word of nie, is hierdie opsienbarende gedagte betekenisvol omdat dit aantoon hoe min geloof die Amerikaanse regering het in die herstel van Brittanje langs die weg van tydelike maatreëls.

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
P A R O W

SKOOLSEUNS ONTNUGTER IN ENGELAND

Slegs 2 van die 52 skoolseuns van die Jeppe High School wat so pas teruggekeer het van 'n reis in die buiteland, is nog lus om Engeland bo Suid-Afrika as woonplek te verkies. Die ander is eenstemmig in hul keuse ten gunste van Suid-Afrika.

Die seuns het nie juis 'n alte hoë dunk van die veel beroemde Eton-kollege verkry nie. „Dit is te oud,” was die opmerking. „Die seuns daar was gaaf, maar hul hare kort 'n skeer en hul skoene 'n skoonmaak. Hulle is baie slordig.”

Of hierdie seuns ontnugter is deur hul besoek aan Engeland en of daar 'n verbetering ingetree het in die Engelse skole in ons land en of Jeppe 'n uitsondering op die reël is, kan nie gesê word nie, maar die on-Suid-Afrikaanse gees wat in die verlede in Randse Engelse skole geheers het, is duidelik weerspieël toe die Engelse rugbyspan in 1938 teen Suid-Afrika in Johannesburg gespeel is. Wanneer die Engelse 'n voordeel behaal, het die blok waar hierdie skoolseuns gesit het, geel geword van die strooihoede wat in die lug opgegaan het, terwyl voordele van die Springbokke met swygende druipstert begroet is.

Europese Raad En Duitsland

Nadat die Nederlandse verteenwoordiger, Van der Goes van Naters, verlede week gepleit het vir die opname van Duitsland in die Europese Raad, het ook Winston Churchill 'n sterk pleidooi hiervoor gelewer. Hy het gesê dat Europa nie sonder Duitsland se krag kan lewe nie, en bygevoeg dat dit binne 'n jaar moet geskied anders kan dit te laat wees.

Intussen word berig dat die Britse en Franse Sosialiste saamspan om te verhoed dat Duitsland uitgenooi word.

Die Moorreesburgse Landboutentoonstelling-Genootskap

TENTOONSTELLING

OP

Woensdag en Donderdag, 21 en 22 September 1949

op die Tentoonstellingsterrein

Die Tentoonstelling sal geopen word op DONDERDAG, 22 SEPTEMBER om 11-uur vm.

Hekke gaan oop om 7-uur vm.

GROOT VERTONING

Pragtige Jersey- en Friesbeeste, Karperde, Karesels, Rryperde, Spanne Esels, Spanne Perde, Varke, Skape, Pluimvee, Duiwe, Graan, Groente en Huishoudkunde.

Motors word toegelaat binne die terrein.

Luisprekers op die veld—Musiek.

Verversings en Middagete op die terrein te kry.

Skrywe dadelik in by die Sekretaris: J. H. VAN HEERDEN,

Foon 30 en Woonhuis 1513.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

VERLOWING

NEL—Van Rensburg:— Mnr. en Mev. B. F. van Rensburg van Kanon-eiland maak die verloving van hul oudste dogter Magdalena met Willem Nel van die S.A.-Polisie Walvisbaai tans Vredendal, bekend. 24/8/1B

SILWERBRUILOF

POTGIETER — GROBLER.— Getrou op 25 Aug. 1924 te Standerton, Pieter Hendrik Potgieter en Mimmie Grobler. Die Heer al die lof vir sy genade en liefde aan ons betoon. Bertramsweg 11A, Troyville, Johannesburg. 24/8/1B

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.

Adresseer u produkte — en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — U. S. Bellington. 9/3/49 Tk

TE KOOP

AANDAG! VRIENDE!! Is die stop van kouse ens. vir u 'n pynlike onder-vinding, skep daardie tyd om in 'n uur van genot deur vir u 'n oulike stoepstelletjie vir die stop van kouse ens. te bestel. Was voorheen gead-verteer vir 12/6 — tans aangebied teen 8/6 posvry. As gevolg van in-voerbepaling is voorrade beperk. Bestel dadelik om te verseker dat u voorskot-voortrekkers-ekskluisie van egt Knysna Stinkhout, prys 1/6 elk posvry. Tenminste vier ringe moet bestel word. Bestel van:— J. F. Stemmet, Kloof-huis, Knysna. 24/8/1

ALSATIAN-HONDJIES uit kampioen-stamboekers. Kwaal en waaksaam. Reuntjies £5/5/-, tefies £3/3/- — Zeeman, Robertson. TK/30/3

TE KOOP

BEESTE: Opreggeteelde Jerseybeest uit die beste bloed en melkrekords. Koeie en verse. — Zeeman, Robertson. 1/12/Tk

BEESTE: Opreggeteelde ongeregi-streerde Frieslandbulletjies, nege maan-de oud; Brakfontein-Bottermy-bloed uit 8-10-gellingkoeie. Ook koeie en verse. Zeeman, Robertson 13/7/T.K.

BOERMEEL met ons bekende steen-meule gemaak 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Le-meel 26/6; Melk-meel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kom-buisstowe met skoorsteenpype: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-; Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

WATTELPALTE TE KOOP: 6 voet wattlepale 9d. elk. Dun pale vir tussen-in £3 10s. per 1000. Gelewer Charlestownstasie. Bestel: L. S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. 10/8/56.

DEKRIET: DEKRIET:— Stuur u betellings vir Dekriet aan ondergete-kende. Net die beste gehalte riet onder persoonlike toesig word gelewer. J. S. Badenhorst, Bus 3, Albertinia. 22/6/4.

FATATRANKE:— Sesmaande 83 lb. 7/-; driemaande wit 83 lb. 8/-; Steggies reg vir plant ses- en drie-maande 6/- per 1000. Borrie 7/-; Gelewer SERPENTINE. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. B. H. Gerber, C/Sn., P.K. Hockwil, George. 24/8/Tk

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarsaal 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemans-koek, Oudtshoorn. 6-4TK

GROENTESAAD

VARS GOEWERMENSGESERTIFI-SEERDE GROENTESAAD: Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Lang-witbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Mar-globe 32/6 lb., 9/- 1/4 lb. posvry. Volledige pryslys gratis van KANGO SAADKEWERS, Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

GRYSHARE

ANTIGRYS HERSTEL GRYSHARE en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 1) 3/8/T.K.

MEDISYNE

BLV JONK. Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwaal, siektes behandel. — Boeregeneesmiddels, Pos-bus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/Tk

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teer-olliker pryse. Babawaentjies, stoet-karretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geer-Katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese toestelle. Geregistreerde Elektrisiets-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n serlike bestaan te maak vra ek 'n vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 30/- per ton vrygelaat. Soutwerk-tervredenheid gewaarborg. Adres Komde. Mev. Martie Venter, Posbus No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/Tk

TEE

CEDERBERG-ROOIBOSTEE: Onder-steun u eie S.A. produk; suiker eerste-graad spesiaal gekweek vir sy beson-dere geur en voordeligheid: Verpakker „Teekoning“, Citrusdal, K.P. 22/6/Tk

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIER en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk. FOREMARK (Posbus 7125) Newtown

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

ONDERGRONDSE INLIGTING WAT S.A. BEKLAD

Daar is ondergrondse organi-sasies in die Unie wat voortdu-rend ondergrondse organisasies in die Verenigde State van Amerika met inligting en wan-voorstelle oor die Unie voer.

Hierdie wanvoorstelling kom uit blanke kringe wat in noue voeling met die Indiërs in die Unie staan, het mnr. H. M. Moolman, die Unie se Inlig-tingsbeaampte in New York verlede week in Kaapstad gesê.

Van hierdie wanvoorstellings wat hoofsaaklik op die rasse-verhoudings betrekking het, duik dikwels in die Amerikaanse pers op, aldus mnr. Moolman. Dit is sy kantoor se taak om dit te weerspreek en die Ame-rikaanse koerante openbaar ge-woonlik 'n baie billike houding in sulke gevalle.

Mnr. Moolman het ook mel-ding gemaak van 'n plan om van die ou Hollandse nasate wat hulle rondom New York en in die Hudson-vallei gevestig het, na die driehonderdjarige vierings van die volksplanting aan die Kaap te laat uitkom.

Dit sal ongetwyfeld groot pu-blisiteitswaarde vir die Unie hê, na hy meen.

Vernuftige Masjien Vir Volkskas

Die modernste rekenmasjien in die wêreld en die eerste wat deur 'n bank in gebruik geneem is, is so pas deur Volkskas uit Amerika ingevoer. Dit is in staat om onmiddellik 'n fout aan te wys.

Een van die verteenwoordigers van Volkskas het die masjien in Amerika in werking gesien, en hy is so getref deur die doeltref-fendheid daarvan, dat hy in samewerking met 'n deskundige van die National Cash Register Co. die besonderhede uitgewerk het van 'n masjien wat aan die plaaslike vereistes sou beantwoord.

'n Demonstrasie van die masjien wat verlede week gehou 's, is met stygende verbasing deur die aanwesiges gevolg.

Die masjien ontleed bv. die bekende inbetalingslysies wat 'n mens by die bank inhandig. As daar 'n fout is, wil die masjien nie verder werk nie. Dit vestig nie alleen dadelik die aandag op die fout nie, maar as 'n knop gedruk word, wys die masjien ook dadelik wat die bedrag van die fout is. Om die masjien se „vernuf“ aan te toon, is een tjek tydens die vertoning uitge-laat. Die masjien het verseg om verder te werk, en die bedrag van die tjek wat uitgelaat is, dadelik aangetoon. Wanneer so 'n tjek se bedrag getik is, word die knop van die bepaalde bank of tak van 'n bank ook gedruk, en die regte vakkie vir die be-paalde bank of tak gaan dan oop en toon aan waar die tjek wat afgehandel is, gebêre moet word.

AVONTURE VAN SEUN

(vervolg van bls. 7 kolom 3.) „Jy weet seker ons moet jou pa vang en in die tronk stop, né?“ vra die speurder wat net-nou geslaap het. „Maar as jy vir ons vertel waar die ander ooms se huise is, of net wat hulle name is, sal ons jou pa nie meer vang nie, en dan kan hy weer hier by julle kom bly.“ „Ek weet nie, Omie,“ hou klein Ben vol.

„Sien jy daardie gewere. Ons gaan jou pa doodskiet as ons hom in die hande kry,“ dreig dieselfde speurder.

„Maar Omie sal my pappie mos nie vang nie,“ sê klein Ben vol vertroue.

Een van die ander speurders praat saggies met die spreker en Bennie hoor net iets soos: „... bederf nou alles.“

„Ai, maar nou is ek lus vir rook!“ Die een speurder klap op sy baadjiesak. Die konstabel het reeds weer gaan wagstaan voor die hek.

Een speurder haal 'n twee-sielingstuk tevoorskyn en gee dit vir klein Ben. „Ou seun, jy gaan koop mos heeldag vir jou ma goed by die winkel? Gaan koop nou vir ons 'n pake-kie sigarette. Dit kos 'n sieling en nege pennies. En as jy dit klaar gekoop het, bly daar 'n tiekie oor. Die tiekie kan jy vir jou vat en lekkergoed koop.“ Klein Ben wou eers sê, nee. Maar toe besluit hy om darem te gaan. Hy is op 'n draf by die voorhek uit met die geldstuk styf in sy hand geklem. Toe hy om die eerste hoek gaan, het hy vir die eerste keer omgekyk en gesien dat niemand hom volg nie. En toe het sy hartjie som-mer baie onstuimig geklop.

Hy het die pakkie sigarette by die winkel gekoop en vir die

„LORDS MOET LEER OM TE WERK“

Sekere klasse in Brittanje beskik vandag oor spesiale voorregte en magte omdat hul voorvaders hulle op een of ander tyd onderskei het en daarom tot die adelstand verhef is en in staat was om rykdomme te versamel. Vandag voor die nakomelinge van hierdie lords 'n onproduktiewe bestaan en dra weinig by tot die opbou van Brittanje.

Aan hierdie praktyk wil die opkomende politieke gety in Brittanje, die Union Movement, 'n einde maak sodat almal sal werk en iets bydra tot voordeel van die gemeenskap as geheel.

In sy beleidsprogram ver-klaar hierdie beweging dat hy die waarde en invloede van die klasse in Brittanje wat berus op oorerflike rykdom wil beëin-dig. 'n Man sal aangemoedig word om geld te verdien deur sy eie krag en energie wat ook die volk verryk. Daardeur vervul hy in 'n behoefte om vir sy vrou en kinders te sorg en kan hy by sy dood 'n redelike be-drag aan sy vrou en kinders bemaak. Maar by die dood van sy vrou en kinders sal die be-drag so nagelaat, terugval na die volk en die kinders sal al-leen in staat wees om die be-

drag wat hulle deur hul arbeid by die rykdom gevoeg het oor te dra aan hul erfgename. Die kinders sal self moet werk en verdien indien hulle die huidige rykdom van die familie wil handhaaf, sodat die huidige stel-sel van oorerflike rykdom dus beëindig sal word.

„Die dooie hout moet eers weggekap word voordat die nuwe lote kan groei“, aldus die verklaring.

Die beweging hoop om deur middel van die stembus aan be-wind te kom en sy doelstellings deur middel van die eerste par-lement uit te voer.

Die beweging wil die party-stelsel ook afskaf en vervang deur 'n nasionale eenheidsstel-sel. Nie partyprogramme wat voor die volk gelê word nie, maar nasionale aksie word ver-lang.

BEDRYWIGHEID BY MONUMENT

Voorbereidings vir die feestelikhede in verband met die onthulling van die Voortrekkermonument is dwars deur die land fluks aan die gang.

In Kaapstad word 'n Skier-eilandse fees gehou op Saterdag, 22 Oktober, op die terrein onder-kant die Van Riebeeck-stand-beeld met die hoofdoel om geld in te samel vir die monument.

Uit Pretoria word berig dat die vlam wat in 1938 deur die Voortrekkerorganisasie dwars-deur die land in 'n fakkelloop

gedra is, en sedertdien nog steeds brandend gehou is by die Universiteit van Pretoria, deur die Voortrekkers na Monument-koppie gebring sal word om die fakkelpot aan brand te steek.

Daar word op die oomblik nog fluks gewerk aan die monument om verskillende onderdele be-tyds gereed te hê. Verlede week is begin met die sarkofaag wat in die middel van die hoofkamer opgerig word in so 'n posisie dat daar op 16 Desember om twaalfuur 'n sonstraal deur 'n ses-duim gaatjie in die gewelf op hom sal val. Dit is die enigste tyd van die jaar dat die son daarop sal val.

Die sarkofaag word so inge-rig dat daar ook plek sal wees vir die stoflike oorskot van Voortrekkerhelde wanneer later tot 'n herbegrafnis oorgegaan sal word.

Die boonste kamer in die monument is 130 voet van die vloer af en is bereikbaar met 'n trap.

Duitsers Het Geheim Vergeet

Die geheime van radar, die krygsvindsel wat 'n aansien-lyke rol gespeel het in die oor-winning oor die Spilmoondhede in die afgelope wêreldoorlog, was in Duitsland beskikbaar nog voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog.

Dit is die mening van 'n Deense tegnikus wat in 'n Deense tydskrif verklaar dat 23-jarige Christian Hulsmeyer 'n patent in 1905 geregistreer het wat inderwerklikheid neerkom op die beginsel van radar.

Hulsmeyer het sy uitvindsel genoem „tele-mobiloskoop“ en daarmee kon hy vasstel wan-neer skepe en ander staalvoor-werpe van groot formaat, in die nabyheid kom. Die apparaat het ook die beweging van die voor-werpe wat hy opspoor, opgeteken.

Hierdie uitvindsel, aldus die skrywer, se patenttenommer was 165,546 in die Duitse patentekantoor. Die Duitsers het egter skoon van die hele sakkie vergeet.

(Word vervolg)

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 24 AUGUSTUS 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

HOOFSTUK IV

DIE UITOORLE-SPELETJIE

Daar is nou daaglik 'n paar speurders by Klein Ben-hulle se huis. 'n Paar bly pal daar. Hulle moet die huis en Klein Ben se mammië bewaak en toesien dat almal wat die huis besoek, agtervolg en dopgehou word.

Klein Ben het hulle nou al heeltemal gewoond geword en is glad nie meer bang vir hulle nie. Selfs ook nie vir die polisieman wat heeldag op en neer voor die tuinhokkie loop nie.

Die speurders, want so noem sy mammië hulle, moet seker dink dat sy pappie en die ander ooms 'n klomp geld in die tuin of in die agterplaas begrawe het. Want hulle het reeds die hele werf omgedol.

Nou sit hulle langs die huis in die sonnetjie en wag. Sy mammië sê hulle verwag seker dat sy pappie en die ander omies en nog 'n klomp ander omies wat „reg” is, terug sal kom en nou wil hulle hulle voorlê. Sy mammië is nogal onrustig, want die speurders het ook 'n paar gewere by hulle. Sy het hom ook al 'n hele paar keer na tant Annie, 'n ander Stormjaer-tannie gestuur.

As sy mammië hom so rondstuur, selfs as sy hom winkelt toe stuur, kom een van die speurders agterna. Maar klein Ben het dit gou agtergekom. As hy sien die speurder volg hom, loop hy speel-speel asof hy nie haastig is nie. Of hy gaan na die winkel en daar kyk hy na die blikke waarop die prentjies is. Die speurder sal dan miskien kom kyk waar hy bly en as hy gesien het hy is nog in die winkel, draai hy terug.

Dit is dan wanneer klein Ben sy kans waarneem. Hy hardloop vinnig agter by die winkel uit. Want net agter die winkel, in die ander straat, woon tant Annie. As hy terug kom, kom hy weer deur die winkel. En somtyds staan die dom speurder-oom nog vir hom en wag.

Sy mammië stuur hom nou altyd om iets te gaan koop wanneer sy 'n beriggie vir tant Annie het. En die speurders agtervolg hom ook nie eers meer nie. Vir hulle is hy tog maar 'n onskuldige, draaierige kind wat nie die moeite werd is om dop te hou nie.

En dit laat klein Ben se hartjie lekker voel omdat hy die groot ooms so flous. Hy weet mos die boodskappe wat hy na tant Annie neem, gaan na sy pappie toe. En dit is om vir sy pappie te laat weet dat dit nog nie veilig is om huistoe te kom nie en dat 'n ou klomp speurders en polisieman sy mammië en die huis oppas. En hy is glad nie eers meer bang vir die speurder-ooms nie. Ook nie vir die polisieman-oom wat soos 'n ou volstruis op en af langs die heining voor die deur loop nie.

En vanoggend vroeg toe hy weer 'n boodskap vir tant Annie wegbring het, het sy vir hom 'n briefie gegee wat hy versigtig moes wegsteek en aan sy mammië moes gee. En hy weet dit is 'n briefie van sy pappie.

Want sy mammië het dit in die kamer gaan lees en toe dadelik in die vuur gaan gooi.

Klein Ben kom nou weer na buite. Hy loop voor om die huis en gaan staan in vertwyfeling. In die laaste tyd kry hy dit maar bitter swaar. Sy mammië wil nie hê dat sy sussie buite moet speel noudat die speurders die huis bewaak nie. En Pieta en Hansie kom ook nie meer met hom speel nie. Hulle is mos nie Stormjaers nie en nou is hulle mammiës daarteen dat hulle met 'n vlugteling se seun speel.

Hy kom om die hoek en sien die speurders waar hulle teen die muur in die sonnetjie sit en bak. Die duskante een sit agteroor met sy hoed oor sy oë getrek. Dit lyk of hy slaap. Die ander twee sit met hulle rugge na hom. Hulle trek strepe op die grond en gesels met mekaar.

'n Glimlag speel om klein Ben se mond en koggel in sy grys ogies. Hy gaan hulle darem 'n poets bak. 'n Paar tree duskant toe, teen die heiningmuur staan hulle gewere geleun. Klein Ben sluip baie stil tot by die gewere, en gee toe 'n paar harde stampe met sy voete op die grond voor hy weghardloop.

Aldrie spring verskrik op. Die twee wat gesels het loop die ou wat gesit en slaap het byna ondersteboe voordat hulle sien dat dit maar net Bennie is wat hulle geflous het. En hy staan nou met sy kop om die hoek vir hulle en lag.

„Wag, Matie, as ek vir jou in die hande kry!” dreig die een wat geslaap het en vee die stof van sy klere af.

Een van die ander twee roep hom egter nader. „Dit lyk nogal 'n skrande knapie”, hoor klein Ben hom aan sy maat sê. Klein Ben kom skoortoetend nader. Hy wonder waarom die speurder-oom hom so vriendelik roep. Hy voel maar 'n bietjie skrikkerig vir hulle en is alreeds spyt dat hy hulle so laat skrik het.

„Jy hou seker baie van lekkergoed?” vra die speurder-oom aan hom.

„Nee, Omie,” sê klein Ben.

„Nee, jong, nou jok jy vir my. Watter jong seun hou nie van lekkergoed nie?” Hy begin in sy sakke rondvoetel. „Ek wil hê jy moet vir ons gaan sigarette koop?”

„Bennie!” roep sy mammië skielik.

„My mammië roep”, sê Bennie en vlie kortom, bly om van die omies en die versoeking weg te kom.

Sy mammië is in die kombuis en klein Ben is verbaas om die hooggestapelde bord koek op die tafel te sien. Sy mammië is nou net besig om tee te maak.

„Bennie, ek het vir jou 'n baie groot werk. Luister nou baie mooi, hoor, my seun? Ek het 'n brief van jou pappie gekry en hy wil hê ons moet na hom toe gaan.”

„Ja, Mammië,” sê klein Ben gretig.

„Ja, en nou wil ek hê jy moet hierdie tee en koek na die omies hier buite neem en vir hulle sê hulle moet sommer die omie wat hier voor die deur op en af loop, ook roep.”

„Die polisieman-omie, Mammië?”

„Ja, my kind. As hulle almal daar bymekaar is, sal ek en Boetie en Sussie by die voordeur uitgaan en dan deur die waenhuis se hek, in die straat af na tant Annie gaan. Jy moet dan maar nog 'n rukkie hier bly tot ons eers heeltemal weg is.”

„En dan moet ek ook na tant Antie toe kom, Mammië?”

„Ja, my seun. Maar moenie laat hulle sien jy kom soontoe nie.”

„Goed, Mammië.”

„Sal jy nou die skinkbord tee en koek kan dra sonder om te stort?”

„Ja, Mammië.”

Sy mammië gee die groot skinkbord in sy hande en maak vir hom die agterdeur oop. Die speurders is baie verras toe hy met die tee en heerlike koek aankom. Dit is is nou al amper elfuur en hulle is reeds honger en al baie lus vir iets om te drink.

„Ou seun, maar jy is mos 'n pure man”, prys die speurder-oom wat hom flussies wou stuur om sigarette te gaan koop. „Omie, hierdie een koppie is vir die omie wat hier voor loop,” vertel klein Ben.

„Nou goed, gaan roep hom dan,” sê die oom wat netnou gesit en slaap het.

Klein Ben laat ook sommer dadelik draf. Toe hy die oom sê om te kom tee drink, staan hy eers 'n rukkie in die straat op en af en kyk. Maar hy is glo ook net baie dors en dit is mos sy senior wat hom roep. Klein Ben loop 'n endjie agter hom, toe hy om die huis se hoek gaan. En hy sien hoe sy mammië en Boetie en Sussie by die voordeur uitkom en laat nael vir die ou groot hek. Sy hartjie klop sommer benoud en hy wil baie graag saam met hulle gaan.

Die vier man sit nou bymekaar en smul heerlik aan die tee en koek wat die mense wat deur hulle vervolg word vir hulle opgedis het. Bennie gaan sit nou maar by hulle.

„Sy kan koek bak”, prys die een ou met sy mond vol koek.

„Ja-nee, en die tee smaak soos die wat my oorlede ma nog gemaak het”, sê 'n ander.

„En hoe oud is jy, ou seun?” vra een van hulle aan Bennie.

„Sewe jaar, Omie,” sê Bennie.

„Gaan jy al skool?”

„Nee, Omie.”

„Maar jy is seker slim en weet baie dinge?”

„Ek weet nie, Omie.”

„Jy weet nie waar jou pa is nie?”

„Ek weet nie, Omie.”

„Maar jy weet seker hoe lank hierdie ander ooms hier by jul- le gebly het?”

„Watter omies, Omie?”

„Die ooms wat nou die môre saam met jou pa hier was.”

„Nee, ek weet nie, Omie.”

„Weet jy nie altemit waar die ooms bly nie. As jy dit vir ons kan sê, gee ons jou net so 'n kardoos vol lekkergoed.” Die speurder beduie met sy hande hoe gróót.

Bennie sluk eintlik so lus kry hy vir die baie lekkergoed. Maar hy sê egter moedig: „Nee, Omie, ek weet nie.”

(vervolg op bls. 6 kolom 3.)

BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
17 Augustus 1949.

Beste Maats,

As daar een plek is wat in die laaste tyd baie bedrywig is, is dit sekerlik Pretoria. Dit is mos daar waar ons by die end van die jaar ons eerste groot Uniale laertrek gaan hou. Daarom was die brief en nuus wat ons van NIG MARTHA VAN NIEKERK ontvang het sommer besonder interessant. Ander maats kan ook gerus van hulle laat hoor en vertel wat hulle planne vir die end van die jaar is. Ons sal ook graag help indien maats miskien inligting in verband met die laertrek wil bekom.

Nig Martha skryf verder dat hulle Pretorianers baie uitsien na die dag wanneer hulle al die ander Boere-seuns en -dogters kan ontmoet, wanneer ons uit alle dele van die land na die inwydingsplegtigheid van die Voortrekkermonument kom.

JOHANNA COETZEE van P.S. VYEBOOM, OOR GRASKOP skryf 'n kort maar gewaardeerde briefie. Sy en haar boeties en sussies bedank ons vir die Boerejeug-kentekens wat hulle ontvang het. (Ons is bly dat julle daarvan hou. Skryf maar weer. — Red.)

MARTHA, of liever MATTIE LAMPRECHT van OOSTELIKE-WEG 78, OUDTSHOORN het ook haar geskenkie ontvang. Mattie wil graag weet of daar nie Boerejeug-maats is wat met haar wil korrespondeer nie. Ongelukkig het sy nie haar ouderdom saamgestuur nie. Ons skat egter dat sy in die hoërskool is. (Is ons reg? — Red.)

MEJ. S. GERBER van GEORGE het 'n baie goeie gewoonte. Sy stuur elke nou-een dan 'n paar KIEKIES van Boerejeug-byeenkomste. Sy vind die Boerejeug-nuus baie interessant. (Ons is jammer dat ons nie van die kiekies gebruik sal kan maak nie. Om 'n goeie af-druk in die blaadjie te maak, is dit absoluut nodig dat die kie-

BOEREJEUG VAN PRETORIA SLAAN LAER

Van die lang naweek het die Boerejeug van Pretoria weer ten volle gebruik gemaak en 'n baie suksesvolle laertrek gehou.

Dit was 'n stampvol vragmotor wat die Saterdag-oggend op pad was na die plaas, Dagbreek, van Kommandant Groenewald. As gevolg van twee papwiele het ons ons bestemming 'n bietjie later as wat ons verwag het bereik.

Saterdag nadat die kantore gesluit is, het die kamerade en belangstellendes wat reeds werk, ook opgedaag. Na 'n baie suksesvolle kampvuur die aand het almal baie vaak, maar doodtevrede onder die komberse ingekruip.

Sondagoggend het ds. Kruger die godsdiensoefening waargeneem. Gedurende die middag het ons gaan spoorsny.

Die opkoms was bo verwagting goed. Elkeen het sy pligte getrou nagekom. Dit was baie opvallend dat elke keer wanneer daar inspeksie gehou was, 'n groot verbetering te bespeur was. Ook was dit 'n plesier om te sien hoe flink die laergangers tydens die parades opgetree het.

Rooi verbrand en lekker moeg het ons weer die Maandagmiddag die vragmotor bestyg. Singing is die terugtog aanvaar en almal kon sien dat dit 'n doodgelukkige klomp Boerejeug-lede is wat so pas van 'n laertrek af terugkom. Almal sien met gretigheid uit na die volgende laertrekking.

(Ingestaar deur Nig Martha.)

kies sommer baie duidelik moet wees. As maats 'n kiekie wat in 'n koerant afgedruk is van naby beskou sal julle sien dat dit almal uit klein dotjies bestaan. As 'n kiekie dus nie BAIE duidelik is nie, kan die dotjies, wat op 'n blok gemaak word, nie duidelik genoeg af-druk nie. 'n Blok kos baie duur en ons kan dus slegs mooi en duidelike kiekies gebruik. Stuur maar weer kiekies en sorg net dat dit duidelik is. — Red.)

Hartlike Boerejeug-groete,
Die Boerejeug-Redaksie.

Ons Wedstryd?

Hoe lyk dit dan of maats heeltemal vergeet het van ons Sangbundel-wedstryd? Tot dus-ver het ons nog net 'n paar liedjies van die Boerejeug van Bellville, ontvang. Wat het dan geword van die digters van Pretoria, Paarl en al die ander plekke? Kom, maats, ons het nog maar net tyd tot 31 Augustus en ons wil nog die sangbundeltjie voor die einde van November klaarmaak.

Boerejeug- Nuus

Kaapse Skiereiland:

Die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland het op Vrydag-aand 12 Augustus, weer hulle maandelikse geselligheid in die Duitse skoolsaal gehou. Nieteenstaande die ongunstige weer, het daar baie Boerejeug-lede opgedaag.

'n Paar lede van die Duitse Jeugklub het ook besoek by ons afgelê. Hulle het 'n paar Duitse volksdansies gedemonstreer en dit het ook nie lank geduër nie of die saal het gedreun soos die Boerejeug meedoen.

Te gou was 'n baie genoeglike aand verby.

VERJAARDAG- KETING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

AUGUSTUS

- 25 Magda Roux, Franschhoek.
- J. Fourie, Oudtshoorn.
- 27 Hendrina de Klerk, Cedarville.
- Janetta Venter, Pietersburg.
- 28 Elizabeth Willemsse, Bultfontein.
- Tienie Welthagen, Mooiooi, Tvl.
- 31 Petrus Marais, P.K. Homtini, Knysna.
- Danie van Zyl, Paarl.
- Dalene Slabber, Paarl.
- Kosie Hanekom, Malmesbury.
- Floris Potgieter, Kakamas.
- Gert Smit, P.K. Bosbokrand.

Maak Bestaan Uit Name

'n Nuwe soort besigheid is deur 'n blinde man in Amerika begin. Hy het 'n kantoor geopen waar jong getroude pare voorsien kan word van name vir hul kindertjies wat gebore word. Hy noem homself 'n „humanologis” en gee voor dat sy name wetenskaplik gekies word. Vir 'n wenk vra hy 1s. 3d. en as die naam deur die ouers aanvaar word, kos dit hulle 5s.

Demokrasie Word Afgetakel

Die feit dat die Kommunistiese Party maar swak gevaar het in die Duitse verkiesing beteken nog nie dat die gevaar afgewend is nie, berig ons korrespondent uit Duitsland. Baie mense wat vir die Kommuniste gestem het, het dit nie gedoen omdat hulle enige heil van Moskou verwag nie, maar uit protes teen die Westerse besettingsbeleid, en hiermee sal die besetters rekening moet hou in die toekoms.

Dit het tyd geword, aldus ons korrespondent, dat die Westerse pers moet verstaan dat die gedurige verwysing na die Duitse geskiedenis sedert 1848 niks by-

dra tot die oplossing van die Duitse toestand nie. Dit sal van veel meer waarde wees indien hulle die besettingsbeleid en radikale strominge in West-Duitsland met mekaar in verband wil bring in die lig van oorsaak en gevolg.

In dié verband word verwys na dr. Schumacher se waarskuwing dat nie die Duitse militarisme die grootste gevaar vir die Europese vrede is nie, dog die verbittering van die Duitse volk. „Met die aftakeling van fabrieke word gelyktydig ook die demokrasie in Duitsland afgetakel,” het hy verklaar.

Uitslag Verteenwoordig Nie Duitse Volkswil

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Wie bekend is met die samestelling van die Bonn-konstitusie en met die Duitse volk van 1949 sal nouliks kan beweer dat die verkiesing van 14 Augustus die vrye wil van die Duitse volk verteenwoordig, berig ons korrespondent uit Duitsland. Die volk moes by gebrek aan enige ander keuse eenvoudig maar die „mindere euwel” kies. „Ons hang nog maar steeds aan lyntjies,” het iemand opgemerk en daarmee bedoel dat die Duitse volk soos poppe aan die vingers van die oorwinnaars moet optree.

Die feit dat daar in die Westerse besettingsgebied 'n bietjie meer speling bestaan as in die Russiese, maak dit moontlik om van 'n „mindere euwel” te praat.

Weens die lisensiering deur die besetters van partye en persone wat aan die verkiesing mog deelneem kon alleen die persone en partye deelneem wat vooraf gekeur of gesif is. Die keuse was dus vir baie eintlik maar net om te stem of nie — 'n vryheid wat van die Russiese metode insover verskil dat dit maar net as die „kleinere euwel” aangedui kan word. Met selfbestemming en vryheid het dit net so min te doen as die onder besettingstoestig-gestelde Bonn-konstitusie waarvan die grondplan spreek van 'n toekomstige „burgerlike besettingsgesag” wat uit vyf onderdele sal bestaan, naamlik 'n politieke, ekonomiese en finansiële, 'n regsafdeling en 'n afdeling vir politieke veiligheid. Verder sal 'n afdeling vir die perswese en een vir opvoeding- en kultuursake ingestel word.

SKEPTIES

'n Groot deel van die volk het skepties gebly teenoor die ouere partye se kandidate sowel as die ouere partye self — daar moes deels vir persone (60 persent) en deels vir partylyste (40 persent) gestem word — skepties, in die eerste plaas omdat geglo is dat die verteenwoordigers maar deur die partye voorgeskryf sal word en in die tweede plaas omdat hierdie partye deur die besetters goed-gekeur is terwyl aan ander soos die vereniging van vlugtelingen en bombeskadigdes toestemming geweier is. Laasgenoemdes (wat tesame 16 miljoen tel) moes hulle dus ôf met die ouere partye vereenselwig of „vrye kandidate” gestel het, in watter geval hul stemme nie vir die lyste in aanmerking gekom het nie.

Die uitslag was:
Christelik-Demokrate
7,358,250 (31 pst.) ... 139 setels
Sosiaal-Demokrate
6,932,223 (29 pst.) ... 131 setels
Vrye Demokrate / Dem. Volksparty
2,828,391 (11 pst.) ... 52 setels
Kommuniste
1,360,468 (5.7 pst.) ... 15 setels
Beierse Party
986,606 (4.2 pst.) ... 17 setels
Duitse Party
940,088 (4 pst.) ... 17 setels
Ekon. Heropbou-vereniging
681,981 (2.9 pst.) ... 12 setels
Duitse Sentrale Party
727,449 (3.1 pst.) ... 10 setels
Duitse Regse Party
428,557 (1.8 pst.) ... 5 setels

Boerejeug Kry Eie Terrein

Aan die Boerejeug is 'n terrein toegestaan by die Monument tydens die feesviering aan die end van die jaar, het prof. Dirk van Rooy, leier van die Boerejeug eergisteraand aangekondig by geleentheid van die O.B.-vergadering op Maitland. Hy het beroep op die O.B.-lede gedoen om te help om die nodige fondse in te samel om soveel Boerejeuglede as moontlik daar te kan kry.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

PROF. VAN ROOY OOR O.B.

(vervolg van bls. 1 kol. 4.)
VOLKSPOLITIEK

En tog is die stryd ook op die ander terreine vasgekoppel aan die politiek. Die rede daarvoor is dat ons volk op politieke gebied nog nie sy volledige vryheid gekry het nie. En as spr. praat van die politiek bedoel hy nie daarmee die partypolitiek nie. Ons sien juis in die partypolitiek 'n versnippering van ons volkskrag, want daar word altyd gesoek na 'n teenstander — daar moet 'n opposisie wees om teen te stry. En hierdie partystryd bring mee dat ons nie met verenigde krag as volk teen gevare kan optree nie. Daar is baie Engelssprekendes vandag wat bereid is om groot vraagstukke aan te pak op grondslag van die Afrikaner se tradisionele beleid. Maar die partypolitiek belet dat hierdie mense hul krag by ons inwerp. Hulle moet as opposisie ons beveg. Daarom wil die Ossewabrandwag volks-politiek invoer aan die politieke front sodat ons verenigd kan optree.

TERUGGEWYS

Maar elke keer as die O.B. met hierdie beleid na vore gekom het, is hy teruggewys. Mense het gedink ons wil ook maar 'n party word. Die O.B.

het verskillende pogings aangewend om sy ideaal te verwesenlik. Die K.G. het eers verklaar dat die O.B. bereid is om met enige volksaksie saam te gaan met die partye. Die aanbod is egter genegeer. Later het daar 'n opening gekom met die Afrikanerparty, waardeur baie bereik is, maar waardeur nie alles bereik kan word nie.

Partye kom en gaan, maar die O.B. het 'n lewenskiem in hom wat onvernietigbaar is. En spr. spreek dit as sy persoonlike mening uit dat die dag vroeër of later sal kom dat die O.B. georganiseerd sal moet optree op politieke gebied, dat hy ook binne die parlement sal moet verkondig wat hy daarbuite verkondig. As spr. dit sê bedoel hy nie dat ons die H.N.P. moet oppeneer nie. Spr. het baie waardering vir baie dinge wat deur die regering gedoen word. Maar die stelsel waarbinne hulle dit doen, is onbestendig en wat vandag gedoen word, word môre weer afgebreek deur 'n ander party.

Maar as die O.B. dan gedwing word om daar op te tree, sal hy dit nie doen as 'n party nie, maar met die doel om die hervormings te weeg te bring en die partystelsel af te skaf. Ons wil weer ons eie volkstelsel hê wat deur die vyand begrawe is.

SKENK

MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



- Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
- U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.
- Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol DAHA en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

DAHA — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD

Kommando Verdubbel Opbrengs


Die Christiaan de Wet-kommando van die Ossewabrandwag op Ysterplaat, Kaapstad, het vanjaar hul bydrae vir O.B.-dagfonds presies verdubbel. Die pragtige bedrag van £225 is gestort teenoor iets meer as £110 verlede jaar.

Tot hierdie bedrag het die vroue-kommando onder leiding van komdte. mev. M. van Rooyen, £123 en die mans onder leiding

van komdte. B. Lotz £102 bygedra. Verlede jaar se syfers was iets oor die £60 en £50 onderskeidelik.

Hierdie kommando is een van die Kaaplandse kammando's wat nooit gedurende die jaar uitspan nie. Gereeld elke maand word hul funksie gehou op Melkbosstrand, en soos gewoonlik sal die funksie weer die eerste Saterdag aanstaande maand plaasvind.

Die maak van
Een Soort
maak die wêreld
se verskil!



Rembrandt maak net een sigaret, en die room van die oes gaan daarin. . . goeie tabak maak 'n goeie sigaret.

Rembrandt

ROOI VIR KURK. GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER.

„Elke sigaret 'n meesterstuk.”